# Gebedsbulletin No. 52 van 2023

## 31 Desember 2023

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# 2023 wás toe ’n geseënde jaar

Die sand is amper deur 2023 se uurglas. Hierdie tyd van die jaar is vol nostalgie vir sommiges en vol vloeistowwe (?!) vir ander. Dit daar gelaat.

Wat van ’n reguit vraag: hoe het 2023 jou behandel?

Was dit ’n voorspoedige jaar, soos wat almal jou aan die begin van die jaar toegewens het?

Wag, voordat jy weer begin dink aan alles, wat die afgelope jaar in Suid-Afrika verkeerd geloop het, het jy gedurende 2023 die Here se nabyheid meer intens as ooit tevore beleef?

Was jy meer bewus daarvan dat Hy die Goeie Herder is wat by jou is in groen weivelde, maar ook in elke donker dal?

Het jy God se Woord meermale bestudeer?

Het jy ervaar dat Sy Woord die lig vir jou lewenspad is?

Het jy meer vrygewig geleef?

Was daar meer spasie vir meer mense se nood op jou skouers?

Het jy ander meermale vergeef en tweede myle gestap?

***Dan was 2023 ’n baie meer geseënde jaar as wat jy dalk dink. Dan gaan 2024 selfs nog beter wees.***

***deur** Stephan Joubert*

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Marinda Jordaan
Ria Putter
Maria Steyn
Sampie Swart
Annika Kilian
Jaco Steenkamp
Leonie Kruger
Sumari Pretorius
Jillian Jansen
Tannie Martie de Beer
Albert Glockzin
Willie Britz
Rudi Kruger
James Vermaak
Frik Blom
Jaap Naudé
Michael Redelinghuys
Tilly van Huysen
Flippie Roslee

Louis Strauss
Oom Cedric Wiegand
Tannie Bets Coetzee
Annetjie Pienaar
Willie Viljoen
Karl Olsen
Amorë Alberts




## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




Môre is die eerste skoon bladsy van ‘n 365 bladsye boek. Sorg dat jy ‘n ***GOEIE*** boek skryf. Mag GOD jou en jou geliefdes oorlaai met seëninge en goeie gesondheid in die jaar wat voorlê. Vat die HERE ORALS met jou!

***Net die BESTE vir 2024!***

Deon & Antjie
Fritz & Meliza

***Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .***
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in